

10 April

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:12-17

Fokusvers: 2 Korintiërs 2:17

Maatstawwe vir die prediking van God se Woord

Paulus verduidelik aan watter maatstawwe die verkondiging van die Woord van God in enige kerklike bediening moet voldoen. Of dit kerkplanting of die opbou van gelowiges of die omkeer van 'n gelowige of gemeente is, hierdie maatstawwe bly geld.

Paulus is op reis deur Troas na Masedonië op soek na sy medewerker Titus. Maar nou onderbreek Paulus sy reisvertelling met 'n loflied waarin hy van die oorwinningstog van die evangelie getuig. Hierdie triomftog laat mens dink aan die feesoptog van 'n generaal wat 'n groot oorwinning op die slagveld behaal het en nou sy buit en sy verslane teenstanders en krygsgevangenes ten toon stel (Kol. 2:15). Saam met die generaal stap sy getroue adjudante. Paulus is so 'n adjudant in die segetog van Christus. Hy het sy deel gedoen, nie uit homself nie, maar as instrument van Christus. En so word die kennis van Christus soos 'n aangename geur versprei, soos die wierook van die heiligdom in die tempel wat uitsprei in die voorhof in.

Die verantwoordelikheid om hierdie evangelie, hierdie aangename, lewewekkende geur te verkondig, weeg swaar op Paulus. En daarom dryf hy en die ander apostels nie handel met die Woord van God nie. Hulle verlaag nie die produk se kwaliteit ter wille van groter wins nie – dink aan 'n wynhandelaar wat oneerlik die wyn met water verdun. Die apostels se prediking word eerder gekenmerk deur opregtheid (dus met suiwere bedoelings), verbondenheid met Christus (dus in Hom en deur sy Gees gegee en gedra), God se opdrag (dus met God se gesag) en verantwoordelikheid aan God (dus met rekenskap aan Hom verskuldig).

Alle prediking – ook prediking as deel van enige omkeerstrategie – wat hieraan voldoen, is 'n aangename geur van Christus tot eer van God (vs15).

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2, 4

Dr. Hennie Goede (Vereeniging-Oos)